

LEER DIE BOEKE VAN DIE OU TESTAMENT

Oor die volgende paar weke gaan jy al 39 boeke van die Ou Testament memoriseer soos hulle in verskillende groeperings val. Die boeke is gelys op die volgende bladsy en daarna volg 'n bladsy om jou te help met die memorisering daarvan.

HET JY GEWEET?

- Die grootste gedeelte van die Ou Testament is in Hebreeus geskryf, wat geen klinkers bevat het nie. Omdat die Jode Hebreeus ophou gebruik het tydens die Romeinse Ryk, het die Rabbi's van die 5de en 6de eeu na Jesus 'n sisteem ingestel wat wel klinkers bevat ten einde die korrekte uitspraak te behou wanneer die Skrif in die sinagoges gelees is.
- Die Ou Testament is oor 'n tydperk van omtrent 'n 1,000 jaar geskryf deur verskeie mense – insluitend konings, rigters, profete, priesters en selfs boere.
- Antieke skrifgeleerdes wat die Ou Testament oorgeskryf het, het so noukeurig aandag aan hul werk gegee, dat baie min variante ooit gevind is. Byvoorbeeld 'n vergelyking van 'n Middeleeuse kopie met dié van 'n kopie wat terug dateer na 1 of 2 voor Christus (wat ontdek is in 1947 tussen die Dooie See geskrifte) is omtrent presies dieselfde. Selfs al was die afskrif tussen die Dooie See Geskrifte meer as 'n 1,000 jaar vroeër gemaak!

Pentateug – 5 boeke

Genesis – Deuteronomium

Hierdie boeke is deur Moses geskryf en beskryf die tydperk van die skepping en die uittog uit Egipte. Dit bevat ook al die wette wat aan die Israëliete gegee is.

Geskiedenis – 12 boeke

Josua – Ester

Hierdie boeke gaan voort met Israel se geskiedenis vanaf hulle inname in Kanaän deur Josua en die toepassing van die Rigters en Samuel; Dawid se koninkryk wat gebou word; die verdeling van die koninkryk; en die ballingskap van die noordelike koninkryk in Assirië en die suidelike koninkryk na Babilonië.

Poësie – 5 boeke

Job – Hooglied

Hierdie boeke bevat verskeie liedjies, gebede, spreuke, en poëtiese stories.

Die Profete



Die profete was God se mondstukke wat die geestelike probleme van hul generasie aangespreek het en wat geprofeteer het oor toekomstige gebeure. Die Profete word ingedeel in twee groepe gebaseer op hoe lank die boek is:

Groot Profete – 5 boeke

Jesaja – Daniël

Klein Profete – 12 boeke

Hosea – Maleagi



Pentateug					
Geskiedenis					
Poësie					
Geskiedenis					

Groot Profete					
Klein Profete					
Klein Profete					